**Grond Hervorming en Herverdeling**
FISA Voorstelle vir die Nasionale Grond-hervorming konferensie, 25 Junie 1991 - 1 Julie 1991, Windhoek, Namibia

( *FISA: Farmers Interleague Solidarity Action ,
p/a NCCA, Posbus 377, Keetmanshoop, Tel: 2313 )
p/a NCCA, Posbus 50155 Bachbrecht, Windhoek, Tel: 36029

**< Inleiding: Wie/Wat is Fisa?**
Fisa is 'n filiaal van NCCA - ( Namibian Community Co-operatives' Alliance ). Dit koordineer die aktiwiteite van 8 (agt) Koöperatiewe -spaar-en-lening-skemas van kommunale vee boere in die Suide van Namibia. Die praktiese programe sluit die volgende in: roterende leningsfonds as 'n steun tot lid boere-ligas, en koöperatiewe lewende-hawe saamlaai klubs tydens bemarking deur lede. Sien afskrifte van koerant uitknipsels wat hierby as aanhangsel A, aangeheg is vir meer besonderhede oor Fisa >.

Hierdie dokument gee 'n samevattende weergawe van besprekings deur lid-boere-ligas gedurende die seminare op 19 - 21 Maart 1991 en 7 - 8 Junie 1991. Ons het dit sover moontlik verkort om die maklike lees en bespreking moontlik te maak.

A. **Die probleem:**
A.1 **Kommunale gebied:**
a) te veel diere, te veel mense en te klein grond; Ons vertrap mekaar en dit ... terwyl baie kommersiële Boere met twee of meer plase (6000 tot 8000 hektaar per plaas) sit en baie andere deur eienaars buite die land besit word;
b) Boere met ywer, die sogenaamde groot boere (600 en meer vee) boer sonder om die toestand van ons wei velde in ag te neem;
c) Landbou bystandsdienste ( Agricultural Extension Officers ) is geensins te sien. Die landbou beamptes bly slegs as klerke by kantore en het baie min invloed met betrekking tot boerdery metodes.
d) "Vakansie of naweek boere", dit wil sê mense met ander professies ( bv onderwysers ) betree boerdery terwyl hulle ander inkomstes het en vergroot die druk op die grond; daarby wil hulle hulself nie by die gesag van Hoofmanne neerlê nie.
e) Ons die boere bly ongeorganiseerd; ons is te individualisties en baie party-polities bewus; ons misluk om die voorbeeld van ons vriende in die kommersiele gebiede wat boere assosiasies tot stand gebring het, te volg; ons bly swak en stemloos;
f) Ons verneem met skok dat groot boere wat tydens vorige bedeling lenings verkry het en hul eie private plase gekoop het, nog steeds toestemming van ons leiers verkry om in die kommunale gebiede wei regte te hê. Dit vergroot die druk op ons grond gebied verder.
g) Tradisionele leiers is tesame met die onderskeie streeks landbou kantore veronderstel om wei regte per gesin toe te ken en te sorg vir instandhouding van infrastruktuur en sosiale dienste binne die kommunale gebiede. Dit gebeur nie.

................../2

Die wei regte word toegeken sonder in agneming van die dra krag van die grond. Die leiers is magteloos en elkeen doen wat hy/sy wil. 'n Mens is versigtig om veralgemening te maak maar daar is selfs tekens van "boetie-boetie-praktyk" te bespeur tydens die toekenning van wei regte.

A.2 **Rehoboth gebied:**
a) Ons die Minderbevoorregte klein boere bly as huurders vir jare op privaat plase van Meerbevooregtes wat as gevolg van hul etnisiteit, private grond besit regte in die gebied geniet. Ons is daagliks onderworpe aan uitsittery op aantuigings dat ons nie die maandelikse huur aan verhuurders betaal nie.
b) 'n Klein gebied van 4000 - 6000 hektaar is in 1985 net 5km suid van Rehoboth as kommunale gebied vir "Ons" verklaar. Elke denkbare Minderbevoorregte klein boer word deesdae daarnatoe gestuur en nou vertrap dier en mens mekaar!
c) Dit alles gebeur terwyl die Meerbevoorregtes wat privaat plase besit, die staatsplase rondom Rehoboth weens beweerde droogte op hul plase, benut.

A.3 **Die gevolge:**
* Oorbeweiding; gebied is besig om in 'n woestyn te ontaard;
* Oneindige familie twis tussen mense wat saam op gebiede woon;
* Geen vooruitgang vir selfs boere met ywer en inisiatief;

B.1. **Voorstelle:**
1. **Groot Boer;** (mense met 600 en meer klein vee).
1.1 Ontwerp 'n leningskema waardeur hierdie kategorie mense met lenings van 2 - 3% gehelp kan word om plase buite kommunale gebied te koop en om privaat grond besitters te word. Let wel: Die regering moet nie eers die plaas koop en dan mense soek nie; dit moet wel die lenings met lae rente, beskikbaar stel sodat die boer self sy plaas koop;
1.2 Sluit strategieë wat die mense sal aanmoedig hierby in; byvoorbeeld: Gee grasie van twee jaar voor terugbetaling van lening gevra sal word; Hierdie periode van grasie kan, in geval van droogte, verleng word na 4 jaar. Subsidieer die windpomp parte/diesel aankope van boere wat die skema aanvaar; Belas baie hewig die boere wat 600 en meer vee het maar weier om die skema te aanvaar en of die vee te verminder na 600 of laer;
1.3 Plaas indirek 'n druk by wyse van belasting, op die kommersiële boere met twee of meer plase om te verkoop. Die regering sowel as die boere moet op die uit kyk wees vir pryse wat as gevolg van groot aanvrag, na onrealistiese vlak mag styg.
1.4 Intensiveer landbou-bystands-dienste; Betrek die NGOs; dit sal die koördinasie in die hand werk en die staats kostes verminder.

2. **Middelslag Boer:** (mense met 200 en meer klein vee)
2.1 Verdeel die gebied wat as gevolg van die intree van die beroemde Odendaal plan tot die ou reservaat gebiede bygevoeg is, in boerdery eenhede; Let wel: Volgens ons <u>moet</u> elke eenheid

..................../3

boerdery moontlikhede nie blokkeer nie daarom dink ons van 6000 - 7000 hektaar in die suide as 'n boerdery eenheid.
2.2 Gee sulke boerdery eenhede aan drie tot vier families op vennootskap basis om op te boer; Laat elke familie toe om aandele te koop en daardeur "sectional Tittle Deed powers" te verkry en moedig hulle daardeur aan om die grond as hul eiendom te verbeter en instand te hou; elke familie boer met sy eie vee maar neem deel in 'n gemeenskaplike plan om dienste instand te hou en om te bemark;
2.3 Beperk getal vee wat op so 'n eenheid aangehou mag word tot die vlak wat rekening hou met die drakrag van die betrokke eenheid.
2.4 Intensiveer die landbou-bystand-dienste en betrek die NGOs; Sosiale organisasie, bodembewaring, gemengde boerdery (bok/pluimvee/vark), belegging vir aftrede as boer, ens. Dit is maar paar van die aspekte wat die wag-woord binne sulke boerdery eenhede behoort te wees.

3. **Beginner Boer:** (mense met 200 en minder vee)
3.1 Die grond wat vroeër voor die intrede van Odendaal plan as reservaat gebiede bekend gestaan het, kan gebruik word om die Beginner boer die ruimte te bied.
3.2 Beperk getal vee ( bok, skaap en bees ) wat op so 'n eenheid aangehou mag word tot en met 200 en laer.
3.3 Intensiveer die landbou-bystand-dienste en betrek die NGOs; Sosiale organisasie, bodembewaring, gemengde boerdery (bok/pluimvee/vark), ens. Dit is maar paar van die aspekte wat die wag-woord binne sulke boerdery kommunale reservate behoort te wees.

4. **Pensioen trekkers en die algemene werkloses:**
4.1 Verhoog die pensioen toelae en help daardeur die oues van dae om 'n bestaan te kan maak sonder om op boerdery grond waar hulle per slot van sake niks inkomste en of ordentlike lewe het, te gaan sit.
4.2 Skep lening skemas vir individue met inisiatief om werkskeppende besighede binne die semi-dorps gebiede te begin. Leer looiery, skoen-makery, intensiewe vark of pluimvee boerdery; Let wel: Ons sien nie 'n drank winkel as ontwikkeling nie!
4.3 Moedig plaaslike handel dryf aan. Hoekom moet hostels binne die sogenaamde Namaland, eiers en hoender vleis uit gebiede wie weet waar invoer terwyl die kind wat in die hostel is se pa ledig by die huis sit?

5. **Grond toekenning/beheer en wetgewing met betroubare meganisme wat die toepassing verseker;**
5.1 Die bogenoemde blink idees sal nooit effek hê sonder regulasies en toepassing van sulke regulasies nie!
5.2 Wat van die rol van tradisionele leiers? Dit is die meerderheidmening dat die tradisionele leiers, wie se rol in die Grondwet erken is, belangrik is. Daar is egter 'n behoefte aan

....................../4

'n meer verteenwoordigende struktuur met meer autoriteit wat die tradisionele leiers ook insluit. Landbou beamptes, vrouens en NGOs moet ook ingesluit word.
5.3 Wat van 'n grond/boerdery-beheer raad ( of Ontwikkelingskomitee ) binne elke distrik? So 'n raad sal kan bestaan uit: Boere vereniging/liga verteenwoordigers, Hoofman van die distrik, verteenwoordigers van NGOs wat in die betrokke distrik aktief opereer en Landbou beamptes wat die staat verteenwoordig. Lede van so 'n raad moet na twee of drie jaar verkies word en daardeur kan "clique-vorming" verhoed word. Landbou beamptes moet van tyd tot tyd na ander areas verplaas word.
5.4 Die regering, tradisionele leiers en of 'n mooi groot en op die oog af betroubare raad sal nie alleen die effektiewe toepassing van wette/regerings-regulasies verseker nie! Die man op straat is die beste "Wag-hond" van 'n landse wet en so ook die boerdery grond regulasies. Ons die boere moet kennis neem van die regulasies as dit afgekondig word en ons moet gevalle van verontagsaming daarvan tot die aandag van "raad"/regering/ombudsman en of die howwe bring.

6. **Vroue boer**
6.1 Die deelname van vrouens in die raad wat die gebruik van grond beheer, is absoluut noodsaaklik.
6.2 In geval van regeringskemas, erfenis of die wet, moet vrouens gelyke regte met mans geniet.
6.3 Vroue boere, wat dikwels ly aan hul bure se diskriminerende druk, moet spesiale kursusse in boerdery en plaasbeheer kry.

7. **Plaaswerkers**
7.1 In beginsel moet plaaswerkers in kommunale sowel as kommersiale gebiede, leefbare lone kry.
7.2 Daar is 'n behoefte aan 'n staatsbeheerde pensioenskema vir plaaswerkers.
7.3 Die moraal en bekwaamheid van plaaswerkers laat veel te wense oor, en kan moontlik verbeter word deur volgehouer orienterings- en opleidingsprogramme.
7.4 Albei werkgewer en werker sal voordele trek van duidelike en volledige werkskontrakte wat aan die begin van die dienstermyn bespreek en opgestel is.

B.2 **Rehoboth:**
Ons is grondlose Namibiane net soos die andere wat in kommunale gebiede woon en eis dieselfde behandeling.

C. **Opmerkings in die algemeen:**
C.1 Ons die lede van NCCA het verlede jaar ( Februarie 1990 ) 'n ondersoek, wat baie van ons probleme duidelik uitgespel het, geloods. Mej S. Brown, Mnr B. Fret en Mnr S. Musengimani was die drie deskundiges wat van buite ingenooi is om met die ondersoek te help. Afskrifte van dié belangrike dokument is beskikbaar op aanvraag.

....................../5

C.2 Dokumentasie wat deur agentskappe soos NEPRU in reaksie op versoek van die Eerste Minister se kantoor opgestel is, het ons kantore bereik. Hier verwys ons spesifiek na die Papier ("ALTERNATIVE APPROACHES TO THE USE AND SETTLEMENT OF LAND", dated: 7 March 1991 ) wat deur deskundiges soos Mnr Martin Adams en Mnr Paul Devit van England opgestel is. Baie van hul idees stem saam met dié van ons hierbo. Ons neem kennis van die probleme wat met die hervestiging van groot boere in Botswana aan die lig gekom het en wil juis met voorstelle soos B.1.2.2 en B.1.5.3 hierbo die gebruik van kommunale grond deur diegene wat private plase het, verhoed. Die klem wat hulle op die belangrikheid van plaaslike boere assosiasies/ligas laat val, is veral verblydend ( sien bladsy 12, punte 4.4 - 4.6 van die genoemde dokument ).

C.3 Die idees van die kommersiële boere is ook tot ons beskikking. Ons neem kennis van die probleme maar wil graag mense, ingesluit ons eie lede, versoek om nie emosioneel te raak nie want "ons is almal op dié bootjie!. Afrika het probleme.... ja ons Odendaal plase het probleme maar dit is nie omdat ons "Namas" is nie. Nama is nie van nature 'n slegte boer nie! Inteendeel....hulle sit met vaardighede!

Ons probleme op Odendaal plase is 100% te wyte aan Apartheidsbeleid wat ons op grond van etnisiteit in 'n klein gebied ingeprop het, gebrek aan Landbou bystands dienste en gebrek aan effektiewe beheer maatreels! Wat of wie is die "vryemark" ? Is dit 'n heilige koei? Waarom moet ons in die naam daarvan die monopolie van grond deur paar ten koste van ander toelaat?

D. **Ten slote:**

D.1 Ons is ten volle bewus van die problematiek rondom die grond kwessie en het daarom afgesien van eise vir nasionalisering van grond. Daar is egter baie ander oplosings en ons vra die andere om ook buigsaam te wees sodat die andere soos ons ook toegang tot bronne van produksie ( grond ) kan verkry.

Dankie.
Datum: April 1991.